

Skriflesing: Matheus 3: 1-10

**Tema : Is Jesus Christus die vreemdeling
of die Radikale eregas in ons Feestyd. Wat
simboliseer ons Kerstafel.**

BROODJIES VIR DIE PAD

“People seldom do what they believe in. They do what is convenient, then repent.”

— Bob Dylan

“We have to ask, Why is there no other first-century Jew who has millions of followers today? Why isn't there a John the Baptist movement? Why, of all first-century figures, including the Roman emperors, is Jesus still worshiped today, while the others have crumbled into the dust of history?”

— Lee Strobel, *The Case for Christ*

“Religion is best when it points beyond itself, like Isaiah or John the Baptist. It is worst when it gives you just enough of the forms to inoculate you against the substance, when it substitutes rituals for reality, the container for the contents, the wineskins for the ecstatic wine.”

— Richard Rohr, *Adam's Return: The Five Promises of Male Initiation*

“Want to keep Christ in Christmas? Feed the hungry, clothe the naked, forgive the guilty, welcome the unwanted, care for the ill, love your enemies, and do unto others as you would have done unto you.”

— Steve Maraboli, *Unapologetically You: Reflections on Life and the Human Experience*

“God does not demand that every man attain to what is theoretically highest and best. It is better to be a good street sweeper than a bad writer, better to be a good bartender than a bad doctor, and the repentant thief who died with Jesus on Calvary was far more perfect than the holy ones who had Him nailed to the cross. And yet, abstractly speaking, what is more holy than the priesthood and less holy than the state of a criminal? The dying thief had, perhaps, disobeyed the will of God in many things: but in the most important event of his life he listened and obeyed. The Pharisees had kept the law to the letter and had spent their lives in the pursuit of a most scrupulous perfection. But they were so intent upon perfection as an abstraction that when God manifested His will and His perfection in a concrete and definite way they had no other choice but to reject it.”

Tomas Merton – No man is an island.

“A smile is a is the universal welcome.”

— Max Eastman, *The Sense of Humor*

“We sometimes encounter people, even perfect strangers, who begin to interest us at first sight, somehow suddenly, all at once, before a word has been spoken.”

— Fyodor Dostoyevsky, *Crime and Punishment*

“This is not my house; it is the house of Jesus Christ. This door does not demand of him who enters whether he has a name, but whether he has a grief. You suffer, you are hungry and thirsty; you are welcome. And do not thank me; do not say that I receive you in my house. No one is at home here, except the man who needs a refuge. I say to you, who are passing by, that you are much more at home here than I am myself.”—

Victor Hugo, Les Misérables

'n Ster vir Kersfees

*Ek stuur vir jou 'n ster,
want dit is Kersfees –
'n lig wat helder skyn.
Een wat alle donker en bang nagte
so stil-stil laat verdwyn.*

*Dalk het jy het 'n hoekie
in jou woning
wat na hierdie lig verlang.
Bind dan net 'n toutjie om die sterpunt
sodat jy dit daar kan hang.*

*En sawens, my vriend
as die skemerte daal,
dit miskien vir jou voel
of die nag jou kom haal –
onthou om te kyk,
draai bloot jou gesig
na die sterre wat wink
– na daardie ewige lig.*

*Ek dink weer oor die melkweg
hierdie Kersfees –
'n oneindig' sterreskaar.
Selfs al staan jou huis onder die wolke,
die sterspoor loop steeds daar.*

*Vind vir jou 'n plekkie
in die oopte
om in die towerglans te staan –
wend jou blik tot waar die liggies vonkel
in 'n silwer hemelbaan.*

*Weet dan, my vriend
soos die lig van 'n ster
is ek altyd daar
al is ek ook ver.
En ek hoop dat jy wis
die waarheid staan só:
Ek wou by jou wees
– dit moet jy maar glo.*

*So, ek stuur vir jou 'n lig
'n blink ster om op te hang.
Ek's seker daar's 'n hoekie in jou woning
wat na 'n ster se lig verlang.
- Carma Shaw-*

MARTIE RETIEF-MEIRING:

GENADEDOD: IS DAAR 'N REG EN 'N VERKEERD?

Sean Davison, neurowetenskap-professor, is 'n lenige, op die oog af sagsinnige man. Kollegas beskryf hom as 'n man van staal.

Hy is in Suid-Afrika van moord aangekla ná sy bystand wat tot die dood van (minstens) drie mense gelei het. Al drie het om sy bemiddeling gesmeek.

In Nieu-Seeland is hy in 2010 ook van moord aangekla nadat hy aan sy bejaarde, lydende moeder bystand met haar dood verleen het.

Was dit genade of was dit moord waarvoor Davison in Suid-Afrika aangekla is?

Die kwessie haak vas. Deur 'n pleitooreenkoms is Davison drie jaar huisarres opgelê vir die bystanddood/moord op die drie mans. Sou hy weer dié bystand verleen het indien daar 'n kans was dat hy die doodstraf sou kon kry?

Ná hy sy huisarres uitgedien het, het Davison *The Price of Mercy – A Fight for the Right to Die with Dignity* gepubliseer. Die boek ontsenu én is teer en wys hoekom Davison onwrikbaar is in sy oortuiging.

Die man wat met sy hond in die berge stap om te dink, moes ná sy arrestasie in 'n benoude, helderverligte polisiecel worstel oor die ontstellende oproepe na sy vrou en drie kinders wat in Australië bly.

Wyle aartsbiskop Desmond Tutu het Davison destyds bygestaan, want Tutu was deeglik bewus van die uitgerekte sterfbed van Nelson Mandela. Hy het daarom in 2011 aangebied om voorspraak vir Davison te doen toe sy saak in Nieu-Seeland gehoor is.

Wyle aartsbiskop Desmond Tutu het Davison destyds bygestaan, want Tutu was deeglik bewus van die uitgerekte sterfbed van Nelson Mandela. Hy het daarom in 2011 aangebied om voorspraak vir Davison te doen toe sy saak in Nieu-Seeland gehoor is.

Die debat oor bystanddood of genadedood duur al dekades, ook hier in Suid-Afrika.

Davison het genade as sy hoofmotief beskryf vir die kere wat hy hulpelose mense wat om die dood gepleit het, gehelp het om te sterf. (As wetenskaplike het hy die polisie ook gehelp met forensiese ondersoeke.)

Dekades al word die kwessie van "genade" 'n sukkelwoord wanneer ongeneeslike siekte of verlamming van die liggaamsfunksies bespreek word.

Die onderwerp spook, want daar is regsaspekte ter sake, etiek en dan die ménslike aspekte: vrees en lyding. Is dit werklik genade om iemand te laat ly? Is dit werklik lewe as 'n lewe deur masjiene aan die lewe gehou word? Is dit genade om daardie mens uit 'n amper lewelose toestand te help?

Die onderwerp spook, want daar is regsaspekte ter sake, etiek en dan die ménslike aspekte: vrees en lyding.

Dit lyk of die saak wel uiteindelik in die howe besleg gaan word. In 2021 het Dieter Harck, 'n motorneuronsiekte-lyer, die hof genader om uitsluitel hieroor te gee. Die saak gaan nie gou besleg word nie, want dit gaan waarskynlik uiteindelik in die konstitusionele hof beland.

Maar terwyl die saak sloer, neem die vraag na bystanddood of genadedood nie af nie.

Mense wat belangstel in die onderwerp, kan Vrydagaand 'n gesprek daaroor, oor die boeg van Davison se boek, by die Woordfees bywoon. Ek gesels by die geleentheid, wat om 18:15 in die Hofmeyrsaal gehou word, met Harck, die filosoof Willem Landman en die teoloog Chris Jones.

GEESTELIKE WAARDES: DIÉ ADVENT-GEBED SOEK IN DIE DONKER NA RIGTING VAN LIG AKKREDITASIE

'O oriens' is die Latynse openingswoorde van een van die sewe sogenaamde "Groot O-antifone".

Hierdie antifone word in sommige kerklike tradisies se liturgieë as deel van die aandgebede tydens Advent gesing. Elkeen van dié gebede begin met die uitroep "O": "O Sapientiae" (O Wysheid), "O Adonai (O Heer), "O Radix Jesse" (O Spruit uit Isai), "O Clavis David" (O Sleutel van Dawid), "O Oriens" (O Môrester), "O Rex Gentium" (O Koning van die volke) en "O Emmanuel" (O "God met ons").

Van oos na wes geles vorm die eerste letters van die Messiaanse titels in hierdie aanroep die akroniem ERO CRAS, wat geïnterpreteer kan word as "Ek sal môre daar wees" of "Ek is die toekoms". Dié verwysing pas by die tema van Advent – die kerklike tyd wat fokus op die wag op die God wat in Christus na ons gekom het, steeds kom en weer sal kom.

Die vyfde "O"-antifoon ("O Oriens") sluit aan by beelde wat met die hoop op dagbreek te make het (wat aan tekste soos Lukas 1:79 herinner waar Sagaria in sy lofsang heenwys na die Een wat "soos die môreson sal opgaan en uit die hoogte op ons afstraal"). In Engels word soms die woord "Dayspring" in hierdie konteks gebruik – 'n term wat aandag vra vir die bron van die nuwe dag. Die naamwoord "Oriens" word ook dikwels as "Môrester" vertaal.

Op die "O Oriens"-aanroep volg dan die res van die gebed: "Helder skoonheid van ewige lig en Son van geregtigheid: Kom en verlig hulle wat woon in donkerte en die skadu van die dood."

Hierdie woorde bevestig die stelling van die Amerikaanse teoloog Fleming Rutledge in haar *Advent: The Once and Future Coming of Jesus Christ*: "Advent begin in die donkerte." Advent is daarom by uitstek 'n tyd om nie weg te skram van die donkerte rondom en in ons nie.

Maar Advent is ook 'n tyd wanneer ons die taal en beelde kan hoor wat midde-in die donkerte en verdonkering uiting gee aan die diep versugting na die koms van die lig en verligting.

In hierdie verband kan ons dink aan die Advent-gesang "Veni, veni Emmanuel" ("O kom, o kom, Immanuel") – wat in Afrikaans vertaal is deur Elsabé Kloppers en as lied 320 in die Liedboek van die kerk opgeneem is – en waarin die "O Oriens"-gebed ook weerklink: "O kom, o kom, o Môrester . . . Verdryf die newels van die nag / laat skyn u helder lig met prag . . . Verby is nagte sonder moed, / want in die ooste skyn u gloed."

– RRV